# DIE JORDAANTJIE


## Nuusbrief van Primêre Skool Jordania

11/2024 12 April 2024

JORDANIA PRIMÊR ONS BOU

**IN HIERDIE UITGAWE**


UIT DIE KANTOOR
1. Oos-Vrystaat rugby
2. Super 8 Rugby en netbal
3. Drakensberg netbal
4. Jordania Opedag
5. Noord-Vrystaat hokkie
6. Kleredrag
7. Buite aktiwiteite
8. Skoolfonds vir 2024


**2024 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 3 April – 14 Junie
**3de:** 9 Julie – 20 September
**4de:** 1 Oktober – 11 Desember

## UIT DIE KANTOOR

Soos u weet is ons tema vir die jaar *Jorries is helde*! Almal van ons het helde – sporthelde, akteurs, sangers, ens. En dan wil ons soos hulle wees. Veral in ons jonger dae. Almal het iemand gehad wat ons bewonder het en as ons held beskou het. Gewoonlik is dit iemand wat gewild is en wat op daardie stadium baie bekend is. Wat natuurlik daaruit spruit is dat ons soms ook wil aantrek of optree soos een van ons helde. Dink maar aan 'n dogter wat dieselfde kleredrag as 'n spesifieke sanger of model wil aantrek of 'n seun wat op die rugbyveld dieselfde skopstyl as 'n Springbokspeler na-aap of dieselfde raket as 'n tennisspeler wil hê. Dit is alles goed so. Maar ons moet een ding onthou, en dit is dat daardie persone wat ons as helde beskou maar net gewone mense soos ons is en dat hulle nie altyd 'n goeie voorbeeld in hul kleredrag, optrede of taalgebruik is vir ons kinders nie. Ek kyk die ander dag 'n episode van *Chasing the Sun*, die reeks wat handel oor wat agter die skerms tydens verlede jaar se Rugby Wêreldbeker gebeur het. Alhoewel dit baie insiggewend is om te sien hoe sekuur die voorbereiding, strategie en afrigting van die span is, is dit steurend om die taalgebruik te hoor. 'n Kragwoord hier en daar kan ek nog hanteer, maar ek kan nie saamstem met die voorbeeld wat die span stel met hul taalgebruik nie. Dit is hier waar ons moet kan onderskei oor wat reg en verkeerd is en dit ook met ons kinders kan deel. Dit is ons voorreg en ons verantwoordelikheid om dit wat ons weet wat reg is vir ons kinders te leer. Seën vir almal.

> ***"Wat reg is, is nie altyd gewild nie en wat gewild is, is nie altyd reg nie."*** Howard Connell

**1. Oos-Vrystaat rugby**

Die volgende seuns is in die Oos-Vrystaat rugbyspanne ingesluit wat op 3 en 4 Mei aan die Griffons proewe te Welkom gaan deelneem:

**o/13A** – Matthias van Heerden, Johanno Strydom, Vincent Stadhouer en Daniël de Beer

**o/13C** – Janco Jooste, Lihan van Huyssteen, Juann du Toit en Stian Janse van Vuuren

**o/12A** – Wian Botes, AJ Beukes, Kamo Mokhele en Willie Uys

**o/12B** – Leo Busch, Marinus van der Merwe, Marius Hamman en Arno Labuschagne

Ons skool het weereens die meeste verteenwoordiging in al die spanne. Baie geluk en sterkte!

**Afrikaanse woord van die week:**

**Gewild:** *Iets of iemand waarvan mense hou; wat groot aftrek kry.*

## Kontak ons:

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700
Tel: 058 303 4116 / 5918
Faks: 058 303 4264
Epos: jordania@jordaniapri.co.za
www.jordaniaprimer.co.za

Vind ons ook op:

### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 15 Apr. Bloedskenk – 10:00-14:00
Di, 16 Apr: Rugby en netbal vs Trio (B, C en D spanne) Kroonst.
Vr, 19 Apr: Netbal: TBM proewe (Jor)
Sa, 20 Apr: Bergfiets XCM #2 (Clocolan)

## Klerebank tye

Dinsdae, Woensdae en Donderdae
07:30 – 8:30

### BANKBESONDERHEDE

Jordania Primêre Skool
Standard Bank Harrismith
Takkode: 051001
Nommer: 042 117 453

**2. Super 8 Rugby en netbal – 12 en 13 April**

Hierdie naweek vind die Super 8 rugby- en netbaltoernooi by ons skool plaas. Baie dankie aan al ons ouers wat bereid is om van hulp te wees by die verskeie stalletjies en verkoopspunte. U is ware staatmakers en 100% Jorrie-ouers

**3. Drakensberg netbal**

Na afloop van die Drakensberg netbalproewe is die volgende spelers gekies om aan die Thabo Mofutsanyana proewe op 19 April deel te neem:

- o/12: Mieke Nel, Charlee Wandrag, Zikhona Lutholi, Demaine van Deventer, Danielle Venter, Mia Pieterse en Ciana Saaiman.
- o/13: Suné Spershott, Kayla Liebenberg, Lia de Boer, Lize Joubert, Hanzelle Hattingh, Isabel van Deventer en Jané van den Berg.

Baie geluk aan al die spelers en sterkte met die volgende rondte proewe.

**4. Jordania Opedag vir 2025 leerders**

Ons jaarlikse opedag vind op **Saterdag, 4 Mei** plaas. Alle voornemende Graad R en 1 ouers en leerders van 2025 word uitgenooi – **ook leerders van ander grade wat belang stel om die skool of koshuis te kom besoek.** Dagboek solank hierdie datum en stuur vir u vriende aan. Meer inligting volg later.

**5. Noord-Vrystaat hokkie**

Na afloop van die proewe is die volgende leerders tot die Noord-Vrystaat IPT spanne verkies om gedurende die Junie/Julie vakansie aan die nasionale toernooi deel te neem:

- o/13 Dogters: Suné Spershott en Hanzelle Hattingh
- o/13 Seuns: Mehan Strydom

Baie geluk met die mooi prestasie

*100% Jorries*

**6. Kleredrag**

Dit raak alreeds koel – veral soggens. Gedurende Aprilmaand word daar 'n vergunning gemaak dat leerders 'n keuse het tussen somers- en winterskooldrag. Die twee style moet asseblief net nie gemeng word nie. Vanaf 2 Mei moet alle leerders wintersklere skool toe dra. Maak ook asb. seker dat u kind sportdrag dra slegs wanneer hulle skoolsport direk na skool het of Liggaamlike Opvoeding as vak op daardie dag het. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

**7. Buite aktiwiteite**

**Tennis:** Tydens die Kloppers tennistoernooi wat in Bloemfontein plaasgevind het, het Gihann van Graan 2de in die o/12 enkelspel geëindig en 1ste in die dubbelspel. Sy suster, Theresa, het 2de in die dogters o/10 enkelspel geëindig. Baie geluk!
**Karate:** Dylan Burger en Nicke Wächter het albei bronsmedaljes behaal tydens die KSA Nasionale kampioenskappe wat in Durban plaasgevind het. Hiermee is hulle ook gekies vir die Protea karatespan om Suid-Afrika in Namibië te verteenwoordig. Baie geluk!
**Drama:** Tydens die Witteberg Monoloogfees het ons leerders baie goed gevaar en die volgende plekke behaal

- Kayla van Niekerk: 1ste
- Leoné van Niekerk: 2de
- Carli de Beer: 3de
- Rigardt Strydom: 4de
- Amorique Abrie: Deelname

**8. Skoolfonds vir 2024**

Maak asb. seker dat u kind se skoolfonds tot op datum vereffen is. Baie dankie aan ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal het. Dit is die enigste manier hoe ons kwaliteit onderrig en opleiding aan ons leerders kan verskaf. Die jaarlikse bedrag beloop R14 000 (Graad 1-7) en R14 500 (Graad R). Kontak Alta met navrae.

# nuwe MEDIESE PRAKTYK IN BETHLEHEM!!

HUISARTS & KIE
INTEGRATED HEALTHCARE

Primêre gesinsorg, chroniese behandeling en dringende, maar buite hospitaal sorg

Spreekure sluit laatmiddae, naweke en vakansiedae in

Radiologie, patologie, sportbeserings, binneaarse behandeling en in-praktyk prosedures



## DR. MOIRA VAN DER MERWE

De Leeu straat 31

www.huisarts.co.za

064 907 5342

reception@huisarts.co.za

# Tina Cowley Leessentrum Bethlehem

- BIED REKENAAR GEBASEERDE EKSTRA LEESKLASSE AAN
- LESSE WORD AANGEBIED VAN GR. 1 - 12
- ELKE LES SLUIT LEES, BEGRIPSTOETSE, SPELLING EN OOGSPAN OEFENINGE IN
- VERSKEIE AKTIWITEITE WORD NA DIE LEES LESSE GEDOEN OM BASIESE LEES VAARDIGHEDE OOK TE HELP VERBETER



TINACOWLEY READING CENTRE BETHLEHEM

083 459 1358

Tina Cowley Bethlehem


MARIAAN SE NASORG
30 JAAR VAN LIEFDE, OMGEE EN HARDE WERK, LEWER KINDERS OP WAT HULLE PLEK VOLSTAAN IN DIE LEWE
Nasorg by Jordania Primêr
Gekwalifiseerde onderwyseres sedert 1984
Kontak Mariaan: 082 562 6362